NG KERK in KZN

IN CHRISTUS SAAM OP PAD

Posbus 649,
Pietermaritzburg, 3200
Tel: 033-345 2276/77/94
Faks: 033-345 2295

19 September 2014

AAN AL DIE KERKRADE VAN GEMEENTES IN KZN SINODE

Hiermee word formeel kennis gegee van die Spesiale Sinodevergadering van die NG Kerk in KZN op 5 November 2014 in die Sinodale Sentrum te Pietermaritzburg.

Mag dit by hierdie Sinodesitting blyk, soos in 2012 en ook daarna, dat dit ons erns is om "in Christus saam oppad te wees" .

Reeds in die aanloop tot die vergadering, en om te help met die vlot verloop van die reëlings, wil ons mekaar se hande vat en saam op pad wees. Daarom vra ons dat u u asseblief deeglik sal vergewis van die onderstaande:

A.1 AGENDAKOMMISSIE/ONTWERPSPAN

1. PLEK EN DATUM VAN DIE SINODE

1.1 Datum

Woensdag 5 November 2014.

1.2 Kennisgewing

Skribas van die gemeentes is op 19 September 2014 formeel kennis gegee van die vergadering.

1.3 Plek

Die Sinodale Sentrum, Pietermaritzburg.

2. PERSONEEL VAN DIE SINODE

Die volgende is van toepassing

2.1 KZN: Bep. 33.1.5:

"'n Buitegewone vergadering word saamgestel uit al die leraars van die gemeentes saam met die ouderling/diaken wat lede was van die vorige vergadering. As 'n primariuslid-afgevaardigde wat op die vorige vergadering sitting gehad het, nie teenwoordig kan wees nie, word sy plek ingeneem deur die sekundus wat saam met hom gekies is, en andersom.
Is dit vir beide onmoontlik om teenwoordig te wees, kies die kerkraad op die gewone wyse afgevaardigdes en word die geloofsbrief op die vergadering (kerkraad) ingelewer."

2.2 KZN:Bep.33.1.1 – 33.1.3 gee, onder andere, die volgende voorskrifte vir die afvaardiging (Vgl Kerkorde Art 33)

2.2.1 Die leraar(s) van die gemeente is die primarius-afgevaardigde(s).
2.2.2 Vir elke leraarstandplaas vaardig die kerkraad een kerkraadslid af as primarius.
2.2.3 In die geval van 'n vakante leraarspos het die gemeente die reg om 'n kerkraadslid(ouderling/diaken) af te vaardig in die plek van die leraar.
2.2.4 Vir elke afgevaardigde word 'n sekundus (ouderling/diaken) aangewys.

2.3 **Geloofsbriewe**

2.3.1 **N.B : Indien die personeel wat die vergadering bywoon dieselfde afgevaardigdes is van die vorige vergadering, hoef 'n geloofsbrief nie ingedien te word nie**. Indien nie, geld punt 2.1-2.2 hierbo.

2.3.2 Die name van die afgevaardigdes en sekundi word in 'n geloofsbrief (amptelike formaat op die gemeente se briefhoof) aan die sinodale kantoor gestuur. Dit kan ook elektronies as aanhangsel gestuur word aan marinda@ngkzn.org.za/ faks 033 345 2294.

Die Ontwerpspan versoek Kerkrade wat nuwe Geloofsbriewe inhandig, om dit asseblief voor 22 Oktober 2014 op bogenoemde wyse in te handig of te versend aan die Sinodale Kantoor (Mev. M Meyer, Posbus 649, Pietermaritzburg 3200).

Saam met die geloofsbrief, maar op 'n afsonderlike naamlys moet die kontakbesonderhede(adres, selfoon en e-posadres) van elke afgevaardigde aan die sinodale kantoor gestuur word.

2.4 Afgevaardigdes

2.4.1 Die name van die afgevaardigde predikante en ouderlinge/diakens(met sekundi) verskyn in die lys van afgevaardigdes wat tydens die Spesiale Sinodevergadering uitgedeel sal word.

2. 4.2 In ooreenstemming met Reglement 3, pt. 1.3(KO 2013) asook KZN Bep 35.2 berus hierdie lys op die geloofsbriewe wat deur die skribas van die gemeentes ingedien is.

2.4.3 Alle wysigings van die lys van afgevaardigdes moet tydens die registrasie op Woensdag 5 November om 08h00 tot 08h45 by die Sinodale Span Regte plaasvind.

3. REGISTRASIE

3.1 Die registrasie van afgevaardigdes vind Woensdag 5 November 2014 vanaf 08h00 tot 08h45 plaas by die Sinodale Sentrum.

3.2 Afgevaardigdes ontvang naamkaartjies wat hulle deurgaans moet dra.

4. VERBLYF

4.1 Die Buitegewone Sinode is 'n eendaagse vergadering. Afgevaardigdes keer na afloop van die Sinode terug na hulle gemeentes.

4.2 Afgevaardigdes wat baie ver reis en noodgewonge die aand voor die vergadering (4 November 2014) moet oorslaap of die aand na die vergadering (5 November 2014) moet oorslaap, moet die sinodale kantoor (Marinda Meyer) voor of op 22 Oktober 2014 om die nodige reëlings te tref.

5. KONSTITUERING

By 'n buitegewone Sinode tree die voorsitter van die Moderamen op as voorsitter van die vergadering (Reglement van Orde, punt 1.1; KO 2013)

6. SITTINGSTYE

Die sittingstye word in die Werkskema weergegee.

7. VERLOF

7.1 'n Dringende beroep word op elke afgevaardigde gedoen om die hele tyd teenwoordig te wees.

7.2 Die sameroeper van die Steunspan moet deurlopend toesien dat die kworum van die vergadering nie in gedrang kom nie.

8. ANDER REËLINGS

8.1 Sitplek-indelings:

8.1.1 Daar is ses afgevaardigdes per tafel. Die tafelnommer word op sy/haar naamkaartjie aangedui.

8.2 Stemkaarte: Groen en rooi stemkaarte sal by elke sitplek geplaas wees

8.3 Mikrofone. Indien iemand 'n spreekbeurt wil he, moet hy/sy dit by wyse van handopsteek aandui
sodat 'n mikrofoon na sy/haar tafel gebring kan word.

8.4 Dienstafel:

'n Dienstoonbank word tydens die sitting ingerig met voltydse personeel

8.5 Etes en verversings:

8.5.1 'n Middagete word aan die afgevaardigdes verskaf.

8.5.2 Afgevaardigdes kan by verdaging van die vergadering 'n kospakkie kry

8.5.3 Tee/koffie word bedien soos aangedui.

8.6 Kleredrag:

Kleredrag word oorgelaat aan die diskresie van elke afgevaardigde. Die aanbeveling is netjies/informeel.

9. TAAKSPANNE TYDENS DIE SPESIALE SINODE

- Sameroeper: Philip Meyer
- Registrasie: Een Personeellid per Ring – Marlise Meter, Marinda Steyn, Marinda Pieterse, Doretha, Sonja, Esme, Eureka, Elize, Cora
- Klank: Marinda Meyer
- Spyseniering: Marinda Meyer
- Notule: Hennie Hattingh, Pieter Grobler, Eureka du Plessis.
- Dienstafel: MarindaSteyn
- Duplisering: Marlise, Marinda Pieterse
- Vloer en Mikrofone: Cora Pretorius (sameroeper), Sonja, Elize,Doretha, en Eureka
- Sosiale media, Facebook en Twitter: Tertius Naude, Rupert de Koning, Karlien van Wyk, Jan Viljoen
- Stemtelllers: Gerhard Louw (sameroeper) Karlien van Wyk, Chris de Vries, Magdaleen Sadie
- Registrasies en Verlof: Heinrich Theunissen
- Liturgie en Musiek: Frikkie van die Merwe, Gawie van Jaarsveld
- Musiek: Tertius Naude en Marlize Malherbe

10. WERKSKEMA

08:00 -08:45 : Registrasie
: Tee/Koffie
09:00 -09:30 : Konstituering en verwelkoming
: Wandel in die Woord(Luk. 24:13 – 35)
09:30-10:30 : Die Proses van Stemming – Die volgorde: Sinode - gemeentes
10:30 -11:00 : Inleiding van Artikel 1 gesprek
11:00- 11:20 : Koffie/tee en verversings
11:20- 13:00 : Artikel 1
13:00-13:45 : Ete
13:45-14:45 : Gesprek oor die Sinodale Gebou
14:45-15:00 : Koffie/tee
15:00-16:30 : Toerustingvir die stemproses oor Artikel 1 in gemeentes.

11. AFSLUITING VAN DIE SINODE

Die afsluiting van die Sinode word bepaal vir nie later as Woensdagmiddag 5 November 2014, 16h30 nie.

12. GEBED VIR DIE SINODE

12.1 Gemeentes word opgeroep om voortaan tydens die eredienste voorbidding vir die sinodale vergadering te doen.(KZN: Bep. 34.1.5)

13. TOEPASLIKE BESLUITE EN INLIGTING

Toepaslike inligting en besluite word hieronder bygevoeg as A.2

14. AANBEVELING: REËLINGS SPESIALE SINODE 2014

Die Sinode keur die reëlings van die Ontwerpspan goed.

Vriendelike Groete

Ds. Mauritius Pienaar
Skriba

A.2 TOEPASLIKE BESLUITE VIR DIE AGENDA

1.1 Die Moderamen besluit:

Notule van Moderamen Vergadering 26 Feb. 2014: p.5.2.2.1

5.2.2.1'n Spesiale Sinodesitting sal vanjaar plaasvind waartydens daar gestem sal word oor Art.1 van die Kerkorde. Daarna sal dit na Kerkrade en gemeentes uitgerol word vir stemming. 5.2.2.2 Opdrag word aan die Dagbestuur gegee om 'n datum te bepaal vir 'n Spesiale Sinodesitting. Goedgekeur

1.2 In die lig van 'n skrywe ontvang vanaf die Ring van Melmoth en later van die Kerkraad van Vryheid-wes, besluit die Dagbestuur:

Notule van die Dagbestuur 26 Augustus 2014: p. 4.1.3.2

4.1.3.2 Die Dagbestuur besluit: **By die Spesiale Sinodesitting voordat oor Artikel 1 gestem word, sal die Sinode- vergadering getoets word oor die volgorde (Sinode-gemeentes) van die stemproses.**

2. SINODALE SENTRUM

2.1 ONTWIKKELING VAN SINODALE GEBOU AS MEDIES-VERWANTE FASSILITEIT:

Notule van die Moderamenvergadering: 26 Feb. 2014 p. 5.3.3

5.3.3 Die Moderamen besluit: Die nodige ondersoeke sal gedoen word en voorstelle sal voorberei word sodat die Sinode se vergadering 'n besluit hieroor kan neem later vanjaar Goedgekeur

Die ondersoek is nog nie afgehandel nie. 'n Voorstel sal binnekort as aanhangsel elektronies aan afgevaardigdes deurgestuur word sodat 'n ingeligte besluit ter vergadering geneem kan word.

3. MOONTLIKE VERANDERING ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE VAN DIE NG KERK

3.1 Die voorstel van die Algemene Sinode (2013) vir die moontlike verandering van Artikel 1 van die Kerkorde;

3 Die Algemene Sinode stel die volgende wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde voor vir voorlegging aan die kerkverband (gemeentes en sinodes), ooreenkomstig Art 44 van die Kerkorde:

Kerkorde Artikel 1 *1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die onfeilbare Woord van God.* *2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Anthanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.* *2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.* *3 Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.*

Die huidige Artikel 1 lees:

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619 , naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Vyf Dordtse Leerreëls.)

3.2 Die Algemene Sinodale Moderamen (ASM), in haar skrywe aan sinodes oor die proses, skryf die volgende:

Belangrike perspektiewe oor die besluit van die Algemene Sinode en die proses in die kerkverband:
Dit is nodig dat die eie aard van die voorstel om Artikel 1 te wysig en die agtergrond waarteen dit geneem is , deeglik gekommunikeer word. Die volgende word onder u aandag gebring:

Een : Die voorstel vir die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde is 'n *konsensus-voorstel* van die Algemene Sinode.

Twee: Die voorstel gee uitdrukking aan die NG Kerk se standpunt oor die wyse waarop Belhar en ander *eietydse belydenisse in die belydenisgrondslag van die die NG Kerk opgeneem kan word* (dit verwoord die NG Kerk se konfessionele identiteit).

Drie: Die voorgestelde nuwe Artikel 1 wil *die vryheid aan /ruimte vir lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge* gee om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te onderskryf. Die voorgestelde nuwe Artikel 1 wil eweneens aan lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge die vryheid/ruimte gee om nie die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie. Die voorstel skep dus ruimte na beide kante.

Vier: Die voorstel wil die *eenheid dien en verdeeldheid en skeuring ten alle koste voorkom.*

Vyf: Die voorstel neem *die diversiteit in konteks weldeeglik in ag* (dit verskil van Sinode tot Sinode en ook binne Sinodes).

Ses: Die voorstel wil *op geen wyse* lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge tot 'n bepaalde standpunt oor Belhar, hetsy ten gunste daarvan of daarteen, *dwing nie* (die keuse daaroor geskied na eie oortuiging en in vryheid).

Sewe: Die Algemene Sinode 2013 se besluit oor 'n nuwe Artikel 1 van die Kerkorde is die voorstel wat deur lidmate, Kerkrade en Sinodes goedgekeur moet word alvorens die Algemene Sinode die wysiging van die huidige Artikel 1 dienooreenkomstig kan bekragtig.

Agt: Dit is belangrik om te kommunikeer *dat die proses oor die wysiging van Artikel 1 van die kerkorde gaan en nie oor die Belydenis van Belhar per se nie.*

3.3 Vir meer inligting word verwys na die skrywe van die Dagbestuur wat elektronies in die ePosduif 22 van 15 Aug 2014 gesirkuleer is.

3.4 Oor die Belydenis van Belhar kan uitgebreide stof verkry word op www.belydenisvanbelhar.co.za

---